

Die Tien Gebooie

Die Tien Gebooie – Marius Nel

Kan u my asb help. Ek is besig met katkisasie en ons behandel die tien gebooie, kan ek asb 'n meer indiepte betekenis kry van die tien gebooie

Antwoord:

Dr Marius Nel antwoord:

Eksodus 20:1-17

Die beskrywing van die dramatiese teofanie word deur die berig oor die Tien Gebooie onderbreek en word eers in 20:18 hervat. [Teofanie = Godsverskyning in gesig en visioen. Grieks: *theos* = God; *phainesthai* = verskyn.]

Die Tien Gebooie moenie as wette verstaan word nie. Wette is gewoonlik as kort gevallestudies (kasuïsties) geformuleer (byvoorbeeld as jy X gedoen het, sal Y met jou gebeur, dus oortreding plus straf). Gebooie kommunikeer die Here se teologiese en etiese voorskrifte aan ons sonder dat 'n pertinente straf daaraan gekoppel is.

Die Tien Gebooie (dekalog) word in Deuteronomium 5 herhaal. Die grootste verskil is geleë in die motivering vir die sabbatsgebod. Daar is ook in Eksodus 34 'n versameling gods-dienstige voorskrifte wat by Eksodus 20 aansluit en wat die benaming "kultiese dekalog" gekry het.

Die Tien Gebooie kan volgens vorm en inhoud in twee afdelings verdeel word. Eerstens vind ons vier gebooie wat oor die diens aan God handel en wat meer uitvoerig geformuleer is (20:1-11). Tweedens is daar ses gebooie wat op die verhouding met die medemens betrekking het en wat, met die uitsondering van die ouergebod, meer bondig geformuleer is (20:12-17).

20:1: Die Hebreëus vir gebooië kan ook met “woorde” of “sake” vertaal word. Selfs die Griekse weergawe “dekaloog” hou ook met die “tien woorde” verband (34:28; Deuteronomium 4:13; 10:4).

20:2: Hoewel die Tien Gebooië gewoonlik in twee gedeeltes word, moet die eenheid daarvan volgens die inleiding, *Ek is die Here jou God wat jou ... bevry het*, gehandhaaf word. Met enkele woorde stel die Here homself bekend deur middel van die voorbeeld van wat Hy vir Israel gedoen het.

Die struktuur van die Tien Gebooië stem in breë trekke ooreen met die koninklike verdrae wat in die ou Nabye-Ooste gesluit is. 'n Bekendstellende inleiding waarin die koning geïdentifiseer word, word gevolg deur 'n historiese verwysing na 'n weldaad wat die koning vir die ander vennoot in die verdrag/verbond gedoen het; dan eers volg die bepalings vir die instandhouding van die verbond.

20:3: Die bondige **eerste gebod** stel dit onomwonde dat daar vir Israel geen ander god as die Here mag wees nie. Dis 'n ingrypende gebod in 'n kulturele omgewing waarin 'n hele reeks gode ('n “panteon”) aanbid is. Hierdie gebod vorm die basis vir die teologie van die Ou Testament.

Dit vereis die uitsluitlike aanbidding van die Here (monoteïsme).

20:4-6: In die meer uitgebreide **tweede gebod** word daar spesifiek na die verbod op beelddiens (hout, klip, keramiek ens) verwys. Die verwysing na die hemel ... aarde ... water onder die aarde dui op 'n drieledige siening van die geskape werklikheid. Daar is inderwaarheid 'n drievoudige verbod: geen beeld mag gemaak, vereer of gedien word nie. Met die verdubbeling van die drieledige omskrywings word die omvattendheid van die gebod beklemtoon.

Die onverdeelde trou wat die (jaloerse!) Here van die volk vereis, hang gewoonlik saam met die nakoming van die verbond

(34:14; Deuteronomium 4:24; Josua 24:19; Psalm 78:58). Die derde en vierde geslag verwys na die uitgebreide familie wat saam een huishouding gevorm het: grootouers, kinders en kleinkinders het saam in een huis gewoon en is saam positief en negatief beïnvloed (Numeri 16:31-34; Josua 7:24).

Daar is niks in die ganse skepping wat reg aan die uitbeelding van die teenwoordigheid van God kan laat geskied nie (Romeine 1:20-25). Moet ons nou weer, soos van ouds, alle beelde vernietig waar dit ook mag wees? Miskien moet ons vandag ruimer kyk na ons afgode wat nie meer van klip of klei gemaak word nie. Hebsug en materialisme aan die een kant en rassevooroordeel aan die ander kant is afgode van ons tyd wat nie deur onverdeelde trou aan die Here geduld kan word nie. Hierdie soort afgode moet vernietig word.

Maar ten diepste moet ons besef dat gehoorsaamheid aan die gebooie en liefde vir die Here onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Die gebooie vra nie blote oppervlakkige gehoorsaamheid nie, maar die persoonlike ervaring van die Here se liefde en onverdeelde trou wat in die mens se liefde vir God gereflekteer word.

20:7: Die **derde gebod** dui op méér as gekruide of vloektaal, aangesien die misbruik van die Naam van die Here verwys na die valse neem van 'n eed (Levitikus 19:12; Jeremia 7:9). Die Naam van die Here dui op die Eienaam van die Here waarin die essensie van God se wese en teenwoordigheid gereflekteer word (3:14). Enigiemand wat die Naam van die Here gebruik sonder die ervaring van sy teenwoordigheid, loop gevaar om dit te misbruik.

Die heilige Here se teenwoordigheid moet eers persoonlik ervaar word voordat die Naam van die Here met ontsag gebruik kan word. Eers wanneer ons iets besef van wie God is, dan kan ons stamelend en stotterend sy Naam op ons lippe neem!

20:8-11: Met die **vierde gebod** word daar uitvoerig oor die

implikasies van die sabbatdag nagedink. Dit is opvallend dat die gebod positief geformuleer is.

Die positiewe perspektief van die vierde gebod word gevind in die bevel wat met sorg of “gedenk” vertaal word. Daarmee word beklemtoon dat die nakoming van die sabbatsgebod in direkte verband staan met die herinnering aan die Here se groot daad van die verlede. In 20:11 gaan dit om die skepping wat onthou word terwyl dit in Deuteronomium 5:14-15 om die uittog gaan.

Die heiligheid van die sabbat impliseer dat die dag afgesonder moet word vir die Here en aan Hom gewy moet word. Almal is by die nakoming van die gebod betrokke en geen mens of dier mag dan werk nie.

In 'n kapitalistiese samelewing met 'n sterk Protestantse etiek van harde werk (“jy moet jou brood in die sweet van jou aangesig verdien”), moet daar opnuut na die sabbatgebod gekyk word. Die uitgangspunt van die gebod is dat die sabbatdag die hoogtepunt van die skeppingsverhaal (Genesis 1:1-2:4a) is en nie die skepping van die mens nie! Die nakoming van die sabbatgebod herinner ons aan wat God se prioriteite met die skepping was. Alles is geskape om in Hom rus te vind. Daarom mag gehoorsaamheid aan hierdie gebod nie uit die nakoming van 'n ellelange lys moets en moenies bestaan nie. Die sabbatgebod roep om die positiewe realisering van God se bedoeling met die uitgebrande mens en die vernielde skepping!

20:12: Die **vyfde gebod** vereis eerbied en respek vir die ouers. Al was Israel 'n patriargale samelewing, was nie net die vader nie, maar ook die moeder eerbied waardig. Die Hebreeus vir eer kan ook met “swaar wees” vertaal word en die woord wat later vir die vloek van ouers in 21:17 gebruik word, het weer die betekenisnuanse van “lig wees”.

Hierdie is die enigste gebod waaraan daar 'n positiewe belofte verbind is (Deuteronomium 6:2; Efesiërs 6:2). Die verband tussen die eerbied vir ouers en die behoud van die land van

die belofte lê waarskynlik daarin dat die land inderdaad erfgrond was wat van een geslag na die volgende oorgegaan het. Die ouergebod funksioneer ook as 'n brug tussen die geboorte wat op God en dié wat op die naaste betrekking het.

20:13: Die **sesde gebod** is die eerste van vier bondig geformuleerde geboorte wat net uit 'n verbod bestaan. Moord dui hier op die wederregtelike en doelbewuste neem van 'n lewe. Die verskillende vorme van moord word in 21:12-14 omskryf. Dit kon dalk oorspronklik met die bloedwraak wat daar tussen stamme geheers het, te doen gehad het. In sy huidige ongekwalifiseerde vorm dui dit op die aanname dat God alleen oor die lewe beskik. Eerbied vir die lewe is eerbied teenoor God. Later word moord ook op die afguns ten opsigte van ander van toepassing gemaak (Matteus 5:21-26).

20:14: Die **sewende gebod** se verbod op egbreuk verbied die inbreuk wat op die ander man se huwelik gemaak word. In die patriargale Joodse samelewing is die vrou se seksualiteit beskous as deel van die man se besit. Egbreuk kom dan in enger sin neer op oortreding teen die besit of eiendomsreg van die man. In 'n ruimer sin was egbreuk egter nie net 'n oortreding teenoor die eggenoot of eggenote nie, maar ook teenoor God (Genesis 39:9; Matteus 5:27-30).

20:15: Daar is 'n hele debat onder navorsers oor die moontlikheid dat die **agste gebod** (diefstal) oorspronklik op ontvoering (mensediefstal) betrekking gehad het (21:16; Deuteronomium 24:7). Dit lyk dus of daar met hierdie gebod nie net 'n verskansing van eiendomsreg was nie, maar dat dit ook betrekking op die vryheid van mense gehad het. Aan die ander kant kan die verbod op diefstal ook nie as 'n regverdiging vir private besit benut word nie.

In sy "La Divina Commedia" beeld Dante die dief uit as iemand wie se liggaam vorm verloor. Dis 'n parodie op die feit dat die dief nie weet waar die grense van die medemens se eiendom is nie.

Respek vir ander se eiendomsreg het ooglopend in ons land vervaag en moet opnuut deel word van die kerk se appèl op die wêreld om volgens God se wil te lewe. Die herverdeling van rykdom is 'n belangrike saak op sigself maar moet nie as regverdiging gebruik word vir die oortreding van die agste gebod nie.

20:16: Die **negende gebod** veronderstel 'n situasie waarin iemand as getuie geroep word en vals of oneerlike getuienis in die hof voor die oudstes in die stadspoort aflê. Dit gaan dus in die eerste instansie nie om leuens oor die algemeen nie maar om die versekering dat die regspraak vlot funksioneer.

Tog het die gebod wyer implikasies. As vereiste wat die Here stel, eerder as wat die regsproses vereis, geld dit ook ten opsigte van die hele lewe. Die talle kere dat leuens in die Ou Testament afgewys word, getuig daarvan.

Die vryheid wat met die uittoeg bewerkstellig is, sal met die instandhouding van die regspraak volgehou en uitgebou kan word. Demokratiese verkiesings en grondwette in ons land is kragteloos as daar nie 'n effektiewe regstelsel is om dit te rugsteun nie. Hier het die geloofsgemeenskap 'n dringende getuienis om te lewer.

20:17 Die **tiende gebod** sny dieper as die vorige gebooe en spreek die probleem van begeerte aan. Dit gaan nie net om die dissipline van die innerlike nie, maar ook om die samehang van begeerte en die daad wat daaruit voortvloei (Miga 2:1-2; Matteus 5:21-30; Jakobus 1:14-15).

Die lys objekte wat nie begeer mag word nie, reflekteer die sosiale en ekonomiese omstandighede van 'n paar duisend jaar gelede en sal vandag ietwat anders daar uitsien. Hoe sien jou lysie begeertes daar uit? Motor ... klere ... selfoon ... strandhuis ... aftreeplasie? In die dieselfde asem het ons moderne individualisme ook slagspreuke geformuleer soos: elkeen sorg vir homself. Dit laat 'n egoïsme ontstaan waar die hele wêreld

om jou eie begeertes en verwagtings begin draai.

Die reeks verbode objekte van begeerte is in dalende volgorde van belangrikheid geformuleer: van die vrou tot die donkie. Almal vorm deel van die man se besittings.

Opsommend kan ons sê dat die Tien Gebooie gaan oor die mens se verantwoordelikheid teenoor God en die naaste. Daarom het Jesus die essensie van die wet só saamgevat: liefde tot God (Deuteronomium 6:5) en liefde tot die naaste (Levitikus 19:18, vgl Matteus 22:37-40). Ons leef in 'n samelewing waarin die Tien Gebooie prakties uitgeleef moet word. Maar hoe kan ons dit uitleef as ons dit nie benader uit 'n persoonlike ontmoeting met God in Christus en deur die Heilige Gees nie!

Outeur: [Dr Marius Nel](#)